

HOOFSTUK V.

BETEKENISLEER.

§ 307. 'n Hoofstuk onder die opskrif "Betekenisleer" sou eintlik die hele taallewe moet omvat, want soos ons in § 1 gesê het, praat ons eers van taal, wanneer die gevormde klanke en klankreekse 'n bepaalde betekenis besit. By klanke sowel as by woorde en sinne is die betekenis 'n belangrike faktor om 'n verdeling te help maak, en in die voorgaande hoofstukke is daar dan ook herhaaldelik oor betekenis van woorde en sinne gepraat. Om 'n skerp skeiding te handhaaf tussen Vormleer en Sinsleer is dikwels nie maklik nie, en eise van die praktyk het ons dan ook heel wat sintaktiese verskynsels bv. onder die werkwoord laat behandel; nog moeiliker is dit om alles wat onder Betekenisleer val, net in hierdie hoofstuk volledig saam te vat.

Die bedoeling met hierdie laaste hoofstuk is dan ook nie om al die faktore en verskynsels wat betekenisverskille veroorsaak of uitdruk, te behandel nie; ons wil net enkele belangrike algemene verskynsels hier vermeld en met voorbeelde toelig. Deur bv. die homonieme afsonderlik te bespreek, word die Vormleer bevry van iets wat daar nie tuis hoort nie. Die betekenisverskille van één voorsetsel hoort nóg onder die Vormleer tuis, want die voorsetsels is onveranderlik van vorm; nóg onder die Sinsleer, want die vorm van 'n sin bly onveranderd, al verander ook die betekenis van 'n voorsetsel. Betekenisverskille is feitlik inwendige kenmerke, wat in die woorde opgesluit is, en wat dus alleen in die menslike gees bestaan. Wanneer die taalgevoel van mense wat één taal praat, ooreengekom het om één woord in meer as één betekenis te gebruik, dan is dit die taak van 'n beskrywende grammatika om die lesers omtrent so'n afspraak in te lig. Dit spreek egter vanself dat dit nie van al die woorde van 'n taal kan gebeur nie; die laaste is die taak van 'n woordeboek.

Grondbegrip.

§ 308. Ons het al meer as eenmaal daarop gewys hoe die verskillende rededele mekaar se funksie kan oorneem, en dus

in mekaar oorgaan. In § 67 is daar enige voorbeelde gegee van die onvastheid van grammatiese kategorieë. In § 189 is daarop gewys hoe willekeurig die onderskeiding tussen lydende en belanghebbende voorwerpe dikwels is. By die bywoorde het party-maal 'n verskuiwing plaasgevind, sodat hulle as bnw. gebesig word (vgl. § 198), en ook 'n telwoord dien as sodanig, ook na die snw. So kan selfs 'n ww. as bnw. fungeer, bv.: *Die goedere word teen weggee pryse verkoop.*

Veral as 'n snw. kan party woordgroepe opgevat word. In § 292 het ons daarvan enige voorbeelde gegee, hoedat 'n sin net soos 'n snw. afhanklik is van 'n voorsetel. Hierdie gebruik is gewoon in Afrikaans; veral ook relatiewe sinne word dikwels net deur 'n voorsetel voorafgegaan, bv.: *Vir wat verder mag gebeur, hou ek my nie verantwoordelik nie.* Langenhoven skrywe verder, bv.: *Daar sit twee-twee wat geen ander geselskap begeer nie as hulle eie "ons-twee-alleentjies,"* (woordgroep as snw.).

Dergelyke verskynsels bewys dat die verdeling van die taal-materiaal in kategorieë en rededele nie dogmaties kan gehandhaaf word nie, en dat die logies denkende gees nie altyd die lewendige, afwisselende werksaamheid wat in die taal geopenbaar word, onder streng reëls kan bring nie.

Soms kan 'n skrywer nogal 'n goeie effek bereik deur verskillende rededele in 'n sin presies parallel, dus met gelyke funksie, te gebruik. Langenhoven se 220ste Spreuk is daarvan 'n voorbeeld; dit lui: "*Hou jou vermoë, hou jou geloof; hou jou naam, hou jou skoon, en hou jou bek.*"

Die ww. *hou* het drie verskillende betekenisse, *jou* is viermaal 'n besitlike, eenmaal 'n persoonlike vnw., en daardeur kom die rededele skynbaar almal in gelyke funksie te staan, wat die eenheid, en daardeur ook die indruk van die spreuk versterk. Die uitvoerige behandeling van dergelyke verskynsels hoort in die Stylleer tuis.

§ 309. Eén woord kan, wanneer dit in verskillende verband gebesig word, verskillende betekenisse vertoon. Wanneer ons bv. die woord *pen* besig as ons praat van 'n tent, of van die skryfkuns, of van breiwerk, dan bedoel ons telkens 'n ander voorwerp. Al die voorwerpe het net dit gemeen dat hulle langwerpig en skerp is.

Aan die gebruik van dieselfde woord in meer as één betekenis lê dus 'n soort van figuurlike of simboliese voorstelling ten grondslag, wat egter alleen moontlik is deurdat die betekenis-kern van die woord meer as één buitekant vertoon. Dit blyk verdër uit die volgende voorbeelde:

- (1) die *tak* van 'n boom laat ons praat van:
- (2) die *tak* van 'n rivier;
- (3) die *tak* van 'n vorstehuis;
- (4) die *tak* van 'n nywerheid.

Die hoofrivier kan hom net soos 'n boomstam opsplits in kleiner strome, *takke*. Veral wanneer ons op 'n kaart die voorstelling van so 'n opgesplitste rivier teken, sal dit baie na 'n kaal boom lyk.

Die benaming *tak* vir 'n vorstehuis het werklik sy oorsprong in tekening van *stambome*, waardeur vroeër en ook nou nog die famielieverband voorgestel word. Die name van die mees verwyderde famielielede word by so 'n stamboom aan die kleinste uitlopers van die takke gesit. Daarna kry ons die verste afwykende beeldspraak van geval (4).

Betekenisverskil by die woord *skool* in die volgende sinne is ook duidelik:

- (1) Dit is 'n beroemde *skool* (hoedanigheid van die onderwys).
- (2) Na die vakansie begin die *skool* weer (die lesse).
- (3) Ons *skool* bevat tien klaskamers (die gebou).
- (4) Ons *skool* staan eerste op die lys by Matriek (die leerlinge).

Verder kan ons bv. praat van 'n *krans* van blomme gevleg en van 'n *krans* in die berge; 'n *stoel* om op te sit en 'n ertappel*stoel*; 'n *blad* van 'n boom of uit 'n boek; die *voet* van 'n mens, of van 'n berg, of van 'n pilaar; 'n *lys* om 'n skildery, of 'n *lys* van name; 'n *sak* mielies of 'n *sak* in 'n baadjie; 'n *ster* aan die hemel, of 'n *ster* in 'n ordeteken, ens.

Hierdie gevalle verskil van die in § 317 opgenoem, omdat geen een van die betekenisne meer as figuurlik of simbolies gevoel word nie.

Veral voorsetsels vertoon meer as één betekenis, deurdad hulle in verbinding met snw. gebesig word om verskillende funksies te verrig. In sulke verbindings kry ons o.m. die volgende betekenis:se:

Aan.

(i) plek. *Kaapstaad lê aan Tafelbaai* (rus). *Elk stamp aan die tafel* (beweging: teen). *Gee die boek aan jou broer* (beweging: vir).

(ii) besigheid. *Die Boere is aan ploë.* *Die rivier is aan 't afkom.* *Jy kan maar aan jou werk bly.*

(iii) verdeling. *Ek het die koek aan tien stukke gesny.*

(iv) oorsaak. *My Oom is dood aan die koors.*

Die voorsetel *aan* is onontbeerlik by 'n hele aantal ww., bv. *dink aan, toets aan, behoort aan, skryf aan.*

Buiten.

(i) plek. *Die kinders speel buiten die huis.* Gewoonlik word in hierdie geval *buitekant* in Afrikaans gebruik.

(ii) skeiding. *Hierdie saak is buiten twyfel.* *Buiten my het almal stilgesit.*

By.

(i) plek. *Die hond loop by die skape.* *Hij is werksaam by die laer onderwys.*

(ii) tyd. *Dis by tien uur.* *By dag en nag* (gedurende).

(iii) verdeling. *Die bokke hardloop by troppe weg.*

(iv) vergelyking. *Vergeleke by gister is die weer vandag mooi.*

(v) voorwaarde. *By lewe en welsyn sien ons mekaar met nuwejaar.*

(vi) oorsaak. *By gebrek aan bewys moes die beskuldigde vrygelaat word.*

Deur.

(i) plek. *Die rook trek deur die skoorsteen.*

(ii) oorsaak. *Deur die storm het baie skepe verongeluk.*

In.

- (i) plek. *Ons woon in die dorp.*
- (ii) tyd. *In veertien dae sal hierdie huis klaar wees.*
- (iii) verdeling. *Die soldate marsjeer in afdelinge.*
- (iv) toestand. *Die stad was in rep en roer. Hy is in die war.*

Die voorsetsel *in* is onontbeerlik by sekere ww., bv. *hom verlustig in, hom vergis in.*

Met.

- (i) begeleiding. *Ek reis met my broer.*
- (ii) middel. *Met vuur speel.*
- (iii) verdeling. *Die sprinkane is met hope uitgeroei.*

Na (toe).

- (i) plek. *Ek kom môre na jou toe.*
- (ii) tyd. *Na 'n jaar sal ons mekaar ontmoet.*

Die voorsetsel *na* is onontbeerlik by sekere ww., bv. *streef na, verlang na.* Ook by sommige bnw., *begerig na, verlangend na.*

Om.

- (i) plek. *Die ring sluit om die vinger.*
- (ii) tyd. *Om drie uur vind die huwelik plaas. Hy kom om die maand.*
- (iii) doel. *Om geld speel.*
- (iv) skeiding. *Iemand om die lewe bring. Om die lewe kom.*

Die voorsetsel *om* is onontbeerlik by sommige ww., bv. *dink om, gee om, treur om, hom bekommer om.* In sulke gevalle wissel *om* dikwels af met *oor*.

Onder.

- (i) plek. *Ek sit onder die boom.*
- (ii) tyd. *Onder die gesels kan ons 'n pyp rook.*

Die voorsetsel *onder* is onontbeerlik by sommige ww., bv. *Ly onder iets (= oorsaak), gebuk gaan onder.*

Oor.

(i) plek. *Die water loop oor die wal.*

(ii) tyd. *Oor 'n week vertrek ons.*

Die voorsetsel *oor* is onontbeerlik by sommige ww., bv. *lag oor, oordeel oor, nadink oor*. Ook by sommige bnw., bv. *kwaad oor, verleë oor, begaan oor*.

Op.

(i) plek. *Die boek lê op die tafel.*

(ii) tyd. *Op 'n sekere dag. Op die oomblik.*

(iii) skeiding. *Almal, op één na.*

(iv) graad of wyse. *Op 'n sukkeldraffie; op sy gemak; op sy beste.*

Die voorsetsel *op* is onontbeerlik by sommige ww., bv. *reken op, vertrou op*. Ook by sommige bnw., bv. *trots op, jaloers op*.

Teen.

(i) plek. *Die hok staan teen die muur.*

(ii) tyd. *Dit het teen twee uur begint te reën.*

(iii) prys. *Die bokke is verkoop teen 'n pond stuk.*

Die voorsetsel *teen* is onontbeerlik by sommige ww., bv. *opstaan teen, uitvaar teen*. Ook by sommige bnw., bv. *bestand teen, gekant teen*.

Tot.

(i) plek. *Die bedelaar loop van huis tot huis.*

(ii) tyd. *Tot 1924 loop die kontrak. Van dag tot dag. Tot siens.*

Die voorsetsel *tot* is onontbeerlik by sommige ww., bv. *spreek tot, dwing tot, aanspoor tot*. Ook by sommige bnw., bv. *bekwaam tot, geneig tot*.

Uit.

(i) plek. *Die kind kom uit die skool.*

(ii) oorsaak. *Uit wanhoop het hy selfmoord gepleeg.*

Van.

(i) plek. *Ek kom van Kaapstad* (rigting waarvan). *Appels van die bome pluk.*

(ii) tyd. *Van Krismis tot Nuwejaar gaan ons op vakansie. Van dees week vertrek ons.*

(iii) besit. *Hierdie boek is van my.*

(iv) oorsaak. *Din kind bibber van die koue. Van skrik het hy inmekaar gesak.*

(v) verklaring. *My Pa is kort van humeur. Ek het 'n sug van "Goddank!" geslaak.*

(vi) stof. *Die horlosie is van goud.*

Die voorsetsel *van* is onontbeerlik by sommige ww., bv. *be-kom van die skrik; genees van 'n siekte.*

Vir.

(i) bestemming. *Die boek is vir jou.*

(ii) doel. *Ons werk vir geld.*

(iii) graad of wyse. *Stap vir stap. Woord vir woord.*

(iv) prys. *Vir duisend pond kan jy my huis koop.*

Opm.—Vir die gebruik van *vir* by ww. vgl. § 190.

Voor.

(i) plek. *Die boom staan vóór die huis.*

(ii) tyd. *Vóór môre-oggend moet die geld besorg word.*

Homonieme.

§ 310. Homonieme is woorde met gelyke vorm maar met verskillende oorsprong en betekenis. Daar is twee soorte van homonieme op te merk:

(a) Homonieme wat gelyk is in uitspraak en spelling.

(b) Homonieme wat gelyk is in uitspraak alleen.

Die gelykheid sowel in uitspraak as in spelling berus, veral in jonger tale soos Afrikaans, op toevallige klankveranderinge wat oorspronklik miskien baie uiteenlopende vorme op die duur gelyk gemaak het. Die Afrikaanse woord *dis* bv. kan beteken: "dit is" (Ned.: *het is*) of "maaltyd" (Ned.: *disch*). Enkele

verdere voorbeelde van homonieme is:

(a) <i>dig</i> , bnw. (vas, geslote)	<i>dig</i> , ww. ('n gedig maak)
<i>haas</i> , snw. (spoed)	<i>haas</i> , snw. ('n dier)
<i>hang</i> , snw. (helling)	<i>hang</i> , ww.
<i>harder</i> , snw. ('n vis)	<i>harder</i> , komp. van bnw. <i>hard</i>
<i>maag</i> , snw. (liggaamsdeel)	<i>maag</i> , snw. (meisie)
<i>maal</i> , snw. (kos)	<i>maal</i> , ww. (fynmaak)
<i>maat</i> , snw. (meetwerktuig)	<i>maat</i> , snw. (kameraad)
<i>myne</i> , snw. mv. v. <i>myn</i>	<i>myne</i> , besitl. vnw.
<i>mag</i> , snw. (krag, invloed)	<i>mag</i> , ww. (kan)
<i>poot</i> , snw. (liggaamsdeel)	<i>poot</i> , ww. (plant)
<i>skep</i> , ww. (put)	<i>skep</i> , ww. (maak uit niks)
<i>vrak</i> , snw. (gierigaard)	<i>vrak</i> , ww. (dood gaan)

(b) Die spellingverskil by die tweede soort van homonieme berus op historiese afleiding. Die klanke wat deur meer as één teken voorgestel word is *ci-y*, *d-t* op die end van 'n woord.

So kry ons naas mekaar:

<i>bei</i> (bes, in aardbei)	<i>by</i> (diertjie)
<i>feit</i> ('n sekere saak)	<i>fyt</i> (ontsteking)
<i>lei</i> (voer)	<i>ly</i> (ondergaan)
<i>peil</i> (maat)	<i>pyl</i> (skietwerktuig)
<i>steil</i> (skuins)	<i>styl</i> (manier van skrywe)
<i>reis</i> (tog)	<i>rys</i> (plant)
<i>rei</i> (koor)	<i>ry</i> (ww., nie loop nie, snw. reeks)
<i>veil</i> (vloere was)	<i>vyl</i> (werktuig)
<i>bond</i> (verbond)	<i>bont</i> (veelkleurig)
<i>eed</i> (plegtige gelofte)	<i>eet</i> (verteer)
<i>end</i> (einde)	<i>ent</i> (spruit van 'n boom of afstand)
<i>graad</i> (maat)	<i>gruat</i> (visbeen)
<i>hard</i> (vas)	<i>hart</i> (liggaamsdeel)
<i>kruid</i> (plant)	<i>kruit</i> (skietpoeier)
<i>lood</i> (stof)	<i>loot</i> (klein takkie)
<i>luid</i> (hardop)	<i>luit</i> (musiekinstrument)
<i>moed</i> (dapperheid)	<i>moet</i> (verplig wees)
<i>skud</i> (laat tril)	<i>skut</i> (kraal, skierter)
<i>voed</i> (kos gee)	<i>voet</i> (liggaamsdeel)
<i>wand</i> (muur)	<i>want</i> (omdat)

Daar kan telkens homonieme ontstaan deur klankverandering, bv. deur die wegval van 'n *g* wat tussen klinkers staan.

So word die mv. van *weg* gelykluidend met die mv. van *wee*, en Langenhoven skrywe in 'n opskrif bo één van sy hoofstukke in *Sonde met die Bure*": *W e e ë van Kronkelende W e ë*.

Sinonieme.

§ 311. In die vorige paragraaf het ons om die homonieme te verklaar, tussen hakies ander woorde opgegee wat ongeveer dieselfde betekenis vertoon. Dergelike woordpare of woordgroepe, wat 'n totaal verskillende vorm, maar ongeveer dieselfde betekenis het, word *sinonieme* genoem. Heeltemal gelykbeduidend is nie één paar woorde nie; want sodra die verskynsel hom sou voordoen, sou één van die twee woorde verdwyn uit die taal.

Enkele voorbeelde van sinonieme is die volgende: dig — geslote — toe; hang — helling — steilte; haas — spoed; treurig — bedroefd; opgeruimd — vrolik — plesierig; moeg — afgemat — kapot; lelik — afskuwelik — onooglik; beroemd — vermaard; kwaad — boos — die ongeluk in — die duiwel in; hy is dronk — hoenderkop — aangeklam — in die takke; hy kry dit swaar — moeilik — opdraand — hotagter; en sal jou slaan — moker — op jou baatjie gee — op jou tabernakel gee; ek het hom goed die waarheid gesê — die kop gewas — gekapittel, ens.

Volksetimologie.

§ 312. 'n Belangrike verskynsel wat hier bespreek moet word is die *volksetimologie*. Die naam (*etimologie* = "afleiding") gee te kenne dat die volk, dus nie die geleerdes nie, op hulle eie houtjie afleidinge gemaak het van vreemde woorde wat hulle nie begryp het nie, maar waarvan die klank enigsins ooreengekom het met bekende woorde of klanke uit hulle eie taal. Dis dus nie 'n afleiding soos die wat in §§ 161 — 169 behandel is nie, maar 'n aanpassing van die vreemde klanke aan die gewone bekende uitspraak van inheemse klanke. Onder die "vreemde" woorde moet ook gereken word dié oorgeërfde woorde wat langsamerhand in onbruik raak en dus ook alleen kom te staan.

Die volgende is enkele voorbeelde van volksetimologie: Die Bybelse name *Sadrag*, *Mesag* en *Abednego* is in die volksmond verander tot *Saalsak*, *Meelsak* en *Appel-in-die-een-oog*. Uitlan-

ders met vreemde name vorm 'n dankbare voorwerp vir verandering, wat dikwels bewus ironies van aard is; so het die Boere vir *Theophilus Shepstone*: *Duiwel-se-slypsteen* of *Die-ou-vuilis-slypsteen* genoem; vir *Owen Lanyon*: *Ouwyn Langjan*; vir *Redvers Buller*: *Rooiversvul*, en vir *Kitchener van Kandahar*: *Kitchener van Kandaar*; *Gladstone* het *Gladsteen* geword en *Buxton*: *Baksteen*. Uit die tyd van die Boere-Oorlog stam vervorminge soos: *Martjie Louw* uit *Martial Law*; *Rypatrys* uit *Repatriation*, e.d.m.

Spottend is ook die benaminge van kerklike sektes, soos *Krisjan Kaiings* vir *Christian Science*, *Pistoolse Broeders* vir *Apostoliese Broeders*.

Vreemde medisyne, siektes, instrumente en plante is pasklaar gemaak, bv.: *kosmyniks* vir *cosmetique*, *godliewerolie* vir *codliver oil*; *samboksalf* vir *zambuk*; *olie kolonie* vir *eau de Cologne*; *duisendtree* vir *dyscntry*; *pens-en-katjies* vir *appendicitis*; *bromkatjies* vir *bronchitis*; *baiesukkel* vir *bicycle*; *modderkar* vir *motor car*; *witstippelmerrie* vir *vegetable marrow*, *smeeerlapvye* vir *Smirna vye*.

Voorbeelde van uit Nederlands geërfde uitdrukkinge wat in Suid-Afrika minder goed verstaan geword het en dus vervorm is, sien ons bv. in: *in iemand se vaalwater kom* vir: *in iemands vaarwater komen*; *iemand van Bakpoort na Stuurpoort stuur* vir: *iemand van bakboord naar stuurboord sturen*. *Beter bloo Jan dan doo Jan* het geword: *beter bang Jan as dooi Jan*. *Hoogmoed kom tot 'n val*, lui in Nederlands: *hoogmoed komt vóór de val*.

Betekenis-beperking.

§ 313. Onder betekenis-beperking verstaan ons die verskynsel, dat 'n woord in minder gevalle kan gebesig word as vóór sy betekenis-verandering. Ons bepaal ons by 'n paar Afrikaanse voorbeelde, hoewel die verskynsel orals voorkom.

'n Mooi voorbeeld is die woorde *jong* en *meid*. In Nederlands beteken *jongen* en *meid* enige manlike en vroulike persoon wat jonk is; in Afrikaans daarenteen word *jong* hoofsaaklik, *meid* uitsluitend gebesig vir kleurlinge.

Die woord *beest* is in Nederlands sinoniem met *dier*; in Afrikaans word *bees* gewoonlik net gebruik vir "rundvee," bv.: *hy boer met beeste en skape*.

Koren in Nederlands is sinoniem met *graan*, en dui dus *rog*, *tarwe*, *hawer*, *gars*, ens., aan, terwyl in Afrikaans *koring* net *tarwe*, (Eng., "wheat") beteken.

Spruit in Afrikaans dui gewoonlik net 'n klein riviertjie aan.

Leraar beteken in Nederlands skoolmeester sowel as predikant, terwyl dit in Afrikaans net die laaste beteken.

'n Besondere geval van betekenis-beperking vertoon die bnw. wat attributief gebruik word by persoonsname, afgelei van ww., en wat die bedrywer van die handeling aandui. Hoewel hulle volgens funksie en plek in die sin bnw. is, is hulle in betekenis feitlik bywoorde. bv.: *Die kontante betaler is altyd welkom*; dit beteken: "die man wat kontant betaal."

Langenhoven skrywe in Spreuk 1015: *'n Halwe begryper het 'n goeie woord nodig*; dit beteken nie: "die helfte van 'n begryper" nie, maar: "die man wat die helfte begryp."

Dieselfde sien ons by die bnw. wat van volksname afgelei is; bv.: *'n Franse skoemaker*; *'n Engelse modewinkel*. Daarmee word bedoel: "'n man wat Franse skoene maak," en: "'n modewinkel met Engelse ware."

Betekenis-verruiming.

§ 314. Onder betekenis-verruiming verstaan ons die verskynsel, dat 'n woord in meer gevalle gebruik kan word as vóór sy betekenis-verandering die geval was. Die verskynsel kom in alle tale voor; ons gee hier net 'n paar tiepies Afrikaanse voorbeelde:

Die woord *bekwaam* wat in Nederlands net "handig" of "geskik" beteken, kan in Afrikaans bowendien gebruik word in die betekenis van "ryp," bv.: *die pampoene is al bekwaam*.

Die bnw. *ou*, wat in Nederlands in die vorm *oud* net sinoniem is met "bejaard," druk in Afrikaans ook meegevoel uit, bv. in: *Die arme ou kindjie is sterwende*.

Die woorde *oom*, *tante*, *neef* en *niggie*, wat in Nederlands uitsluitend dien om famielie-relasie uit te druk, word in Afrikaans buitendien gebruik onder mense, wat nie famielie van mekaar is nie.

Nou in Afrikaans beteken sowel “aanstonds” as ook: “op die oomblik.”

’n Aparte kategorie van betekenis-verruiming vorm die ww. wat in die bedrywende vorm passiewe betekenis vertoon, bv.: *die haan sal lekker sla g. My kop voel seer. Die nuwe skoene loop nie lekker nie. Die broek is so geskeur, dat hy nie meer wil lap nie.*

Betekenis-differensiasie.

§ 315. Betekenis-differensiasie of verdeling van verskillende betekenis oor verskillende vorme van dieselfde woord, is ’n verskynsel wat eintlik in ’n historiese grammatika uitvoerig behoort behandel te word. Ons wil egter enige voorbeelde daarvan vermeld.

In § 76 Opm. het ons al daarop gewys hoedat verskillende meervoude van dieselfde woord verskillende betekenis het. Dit spreek vanself dat dit ook by die homonieme die geval is, want hier het ons alleen maar te doen met dieselfde woorde wat die vorm betref.

Ook by die werkwoord het die verskillend gevormde voltooidedeelwoorde uiteenlopende betekenis. Voorbeelde daarvan het ons gegee in § 153 (b) Opm.

Ons gee hier nog ’n paar voorbeelde van woordpare, waarvan die gemeenskaplike herkoms nog duidelik gevoel word.

Die woord *daarom* is ’n redegewende bywoord, *daarom* ’n toegewende: die laaste vertoon in die tweede lettergreep die onbeklemtoonde klinker. Die voorsetsel *voor* het sy verskillende betekenis bewaar (vgl. § 312); die onbeklemtoonde vorm *vir* het ander funksies, en amper nie meer ’n eie betekenis nie (vgl. § 190).

Tabak is die benaming vir die geurige kruid wat gerook word; *twak* daarenteen meen enige ding van geringe waarde, en dieselfde vorm word ook in figuurlike sin gebesig in die spreekwoord: *Sy twak is nat.*

Die woord *oes* is algemeen gebruiklik, die vorm *oogs* het figuurlike betekenis, bv. in ’n *oogs van voorspoed* (By-

belse uitdrukking). *Seun* beteken "manlike kind," *soon* word gebesig in deftige taal of Bybeltaal: *soon des huises, die verlore soon*. *Kwaad* beteken: "boos vir 'n kort tyd," *kwaai*: "boosaardig," wat 'n blywende eienskap is.

Oordrag van Betekenis.

§ 316. Wanneer 'n bepaalde woord gebruik word om iets aan te dui wat in betekenis verwant is aan die oorspronklike betekenis-inhoud van die woord, maar wat eers 'n ander benaming gehad het, dan spreek ons van betekenis-oordrag.

'n Bekende voorbeeld daarvan is die woord *dam*. In Nederlands beteken dit: "wal om 'n water," in Afrikaans: "die water wat deur die wal ingesluit is."

Die woord *kapok* dui in Nederlands die wit wollige pluksel van 'n bepaalde vrug aan, in Afrikaans beteken dit *sneeu*. 'n *Rooibaadjie* of 'n *Kakie* is name vir 'n Engelsman, die *rooitaal* vir die Engelse taal.

Figuurlike Betekenis.

§ 317. Ons praat van figuurlike betekenis of beeldspraak wanneer woorde met 'n vaste, alledaagse betekenis gebesig word om meer en ander dinge voor te stel as gewoonlik. 'n Dergelike gebruik is moontlik deurdat, soos ons in § 309 gesien het, party woorde dieselfde betekenis-kern besit, en alleen verskillende buitewoorte daarvan in die gewone spraakgebruik vertoon.

Wanneer die gebruik van woorde en uitdrukkinge in figuurlike betekenis met opset plaasvind, dan is dit 'n saak wat in die Stylleer behoort behandel te word. In die algemene omgangstaal is daar egter talryke gevalle van beeldspraak, wat deur iedereen gebesig en verstaan word, en waarop dus in 'n spraakkuns die aandag moet gevestig word. Veral die spreekwoorde vorm die grootste groep van figuurlike uitdrukkinge.

As ons sê: *Daardie skrywer hamer altyd op dieselfde aambeeld*, dan wil ons hê dat die hoorder nie aan 'n hamer

sal dink nie, maar aan 'n *skryfpen*; nie aan 'n *aambeeld* nie, maar aan 'n bepaalde *onderwerp*. Wanneer iemand vertel: *Adam sê dis Eva en Eva sê dis die slang*, dan word deur middel van die bekende Bybelverhaal meegedeel dat die een die skuld op die ander skuif, en geen Afrikaner sal hom verkeerd begryp nie.

Vir verdere voorbeelde verwys ons na die spreekwoorde-versameling wat ons in die lys van aanbevole boeke noem.

LYS VAN BOEKE OOR AFRIKAANS

I. **Inleiding.** Oor die ontwikkeling van Afrikaans uit Nederlands is die vernaamste te vind in *Het Afrikaans* van Prof. Dr. D. C. Hesseling, tweede druk, 1923, en *Oor die ontstaan van Afrikaans*, van Dr. D. B. Bosman, 1923.

Materiaal betreffende Afr. dialektverskille is versamel deur G. R. von Wielligh in 'n serie artikels wat onder die opskrif *Ons Geselstaal* in "Die Huisgenoot" verskyn het, voorsien van aantekeninge deur Prof. J. J. Smith.

II. **Klankleer.** Die belangrikste werk oor klankleer is die *Beschrijvende Klankleer van het Afrikaans* van Dr. T. H. le Roux, 1920.

Vir die spelling is onmisbaar die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls*, uitgegee deur die S.-A. Akademie vir Taal, Lettere en Kuns, derde druk, 1921.

III. **Vormleer.** Die belangrikste werk wat gegewens verskaf betreffende die Vormleer is *Volk en Taal van Suid-Afrika* deur Prof. Dr. S. P. E. Boshoff, 1921.

Lys van Boeke vervolg.

IV. **Sinsleer.** Die enigste boek oor Afrikaanse sinsleer is: *Oor die Afrikaanse Sintaksis*, van Dr. J. J. le Roux, 1923.

V. **Betekenisleer.** Die meeste oor die onderwerp is te vinde in die reeds genoemde *Volk en Taal van Suid-Afrika*, deur Prof. Dr. S. P. E. Boshoff, 1921.

Spreekwoorde is versamel in die *Spreekwoordeboek* van De Villiers, Kritzinger en Picenaar, 1922, en in *Afrikaanse Idiome, Spreekwoorde en Sigswyse*, deur P. I. Hoogenhout en J. J. A. Schoeman, 1920.

Algemene Werke. In die genoemde werk van Prof. Boshoff is baie materiaal versamel en bewerk oor die historiese groei van Afrikaans, oor die oorsprong van talryke woorde en uitdrukkinge, oor afleiding en samestelling, spreekwoorde, ens.; 'n aparte hoofstuk behandel die leengoed.

Uitvoerige lyste van geraadpleegde bronne en van behandelde woorde maak die gebruik van hierdie boek baie maklik.

Die *Afrikaanse Taalboek* van Prof. Dr. D. F. Malherbe, derde druk, 1920, "is nie bedoel vir die jeug of beginners nie, maar wil veral ten dienste wees aan die ontwikkelde Afrikaner," en hom help om moeilikhede van verskillende aard uit die weg te ruim. Vir hierdie doel is die boekie baie bruikbaar, hoewel "ganse kapitels van die Taalkunde feitlik onaangeroer gelaat is."

Eenvoudig! Deeglik! Vertroubaar! Standaard!

GESKIEDENIS VAN SUID - AFRIKA,

deur

Dr. S. F. N. Gie,

Professor vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis aan die Uniwersiteit van Stellenbosch; Lid van die S.-A. Akademie; Lid van die "Historisch Genootschap" (Utrecht); Lid van die Matrikulasieraad; Moderator vir Geskiedenis bij die Matrikulasie-eksamen en al die Departementele Skoolendeksamens onder die kontrole van die Matrikulasieraad; gewese Skoolinspekteur en Hoofdonderwyser.

Hierdie werk word in twee dele uitgegee. Die eerste deel sluit met die jaar 1795. Die tweede deel sal teen Julie 1924 verskyn.

Die prys van Deel I is 6/- posvry.

Die skrywer slaan 'n nuwe rigting in en voorsien in 'n lang gevoude behoefte. Die geskiedenis van Suid-Afrika word as 'n onderdeel van die algemene Europese en Koloniale geskiedenis behandel. Die leser kry 'n deurlopend aaneengeskakelde oorsig van sy eie volksverlede en van al die groot oorsese gebeurtenisse en geestesstrominge wat daarop ingewerk het. Die Suid-Afrikaanse geskiedenis bly die hoofsaak, maar só veelvuldig is die aanknopingspunte met die groot kultuurwêreld, soos die skrywer hulle blootlê, dat al die belangrikste feite van die algemene geskiedenis in hulle regte perspektief, d.w.s. uit 'n Suid-Afrikaanse standpunt gesien, aan die dag tree.

Die stof is in 'n smaaklike vorm gegiet. Interessante besonderhede en boeiende anekdote word voortdurend in die verhaal ingevleg. Losstaande feite kom nie voor nie. Elke gebeurtenis of jaartal kry sy natuurlike plek as onderdeel van één groot samehangende geheel, en aan die hand van 'n rykdom van gegewens, wat anders vir hom betekenisloos sou wees, sien die leser hoe die Europese beskawing in Suid-Afrika en oor die hele wêreld sy ontwikkelingsloop geneem het, en leer hy om die historiese fondament van die samelewing waarvan hy 'n lid is te begryp.

Hierdie werk kan as handboek vir Suid-Afrikaanse en algemene geskiedenis in Sekondêre- en Normaal-Skole en gedurende die eerste studiejaar aan Uniwersitêre inrigtings gebruik word. Dit is egter ook vir die algemene publiek bedoel, en die leek sal met ewe-veel belangstelling as die student daarmee kennismaak.

PRO ECCLESIA-DRUKKERY, STELLENBOSCH.

“ PER ASPERA ”

Eerstejaar Latynse Lees- en Grammatika Handboek, deur
J. J. Strasheim, M.A.,

Hoër Jongenskool, Stellenbosch, met die medewerking van
Prof. P. van Braam, Ph.D.,

Professor in Latyn, Uniwersiteit van Stellenbosch.

Prys 4/6.

Elke ervare onderwyser weet goed genoeg wat die hooforsaak van die mislukking van ons onderwys in Latyn is. Dit is ongetwyfeld te vind daarin dat ons te lank 'n ereplaas gegee het aan die **grammatika**, en te min aandag aan die **taal** gewy het.

Die eerste oogmerk van hierdie werkie is dan ook om die kind Latyn te leer lees en verstaan, en hom dus te laat sien dat dit, net soos ander tale, 'n middel is om gedagtes in uit te druk. Om hierdie doel te bereik is daar twee weë oop. die een, die s.g. “Direkte Metode,” en die ander, 'n middelweg wat, na ons beskeie oordeel, beter vir ons onderwystoestande geskik is. Dit is kortliks dit n.l., om die kind so gou moontlik met 'n maklike Romeinse skrywer te laat kennis maak, —die hoofdoel en middelpunt van ons Latynonderwys word dus die **lees en vertaal uit Latyn**. Daar Caesar nog altyd deur ons eksaminatore as die geskikste outeur beskou word, het ons ook gemeen om hom te kies. Die onderwyser sal dus vind dat die woordeskat, die grammatika en die sinne almal op sy geskrifte gebaseer is. Reeds van die begin word die kind daaraan gewoon gemaak om langere sinne te sien. So gou moontlik word hom korte verhale gegee om te vertaal, en sinne uit die **De Bello Gallico**. Sommige hiervan sal miskien wat lank en moeilik skyn; maar dit is met opset gedaan: die onderwyser is mos altyd daar om die sukkelaar oor die hek te help! Die boekie is in twee dele verdeel, en so ingerig, dat, as hulle getrou deurgewerk is (en trouens lank voor dit), die kind kan aangaan met die lees van die **De Bello Gallico** (waarvan, veral in die tweede gedeelte, aansienlike stukke ter vertaling gegee word).

Behoorlike sorg is gedra vir Grammatika. Gedurig word belangrike punte herhaal; en, as die onderwyser net sôre dat sulke oefeninge dikwels gedoen word, dan hoef hy (of sy) nie te vrees dat die kind “swak” in Grammatika sal wees nie. Ons mag nog net byvoeg dat sommige van die lesse baie lank is. Hier moet die onderwyser sy eie kop volg, en d e les indeel volgens die gehalte van die klas.

